# MUNISIPALITEIT KAAP AGULHAS

## KENNISGEWING WAT BESWARE TEEN DIE AANVULLENDE WAARDASIELYS AANVRA

Kennis geskied hiermee kragtens die bepalings van Artikel 49 (1)(a)(i) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Eiendomsbelasting, 6 van 2004 (hierna verwys as die "Wet") dat die Aanvullende Waardasielys vir die 2018/19 finansiële jaar ter insae lê vir openbare inspeksie by die onderskeie munisipale kantore en biblioteke binne die munisipale grense asook die webtuiste www.capeagulhas.gov.za vanaf **27 Mei 2019 tot 28 Junie 2019.**

KENNISGEWING geskied voorts dat enige eienaar van vaste eiendom of enige ander persoon kragtens die bepalings van Artikel 49(1)(a)(ii) van vermelde Wet, saamgelees met Artikel 78(2), 'n beswaar binne bovermelde tydperk kan indien by die Munisipale Bestuurder ten opsigte van enige aangeleentheid of uitsluitsel rakende die eiendomswaardasielys.

Aandag word spesifiek gevestig op die bepalings van Artikel 50(2) van die Wet wat bepaal dat 'n beswaar na 'n spesifieke eiendom moet verwys en nie teen die waardasielys as sulks nie.

Die voorgeskrewe beswaarvorms is beskikbaar by die kantore op Bredasdorp, Struisbaai en Napier asook op die webwerf.

Die voltooide vorms moet terugbesorg word aan Me Carmen Leonard, Kaap Agulhas Munisipaliteit, Posbus 51, Bredasdorp, 7280. Navrae kan gerig word aan me Nelita Viljoen, Janet Teixeira en Lena de Jager by 028 425 5500.

**D O'NEILL (GMB)**
**MUNISIPALE BESTUURDER**
**POSBUS 51**
**BREDASDORP**
**7280**